

Supplementering van Wild Tydens die Droë Seisoen



Agtergrond:

Oor die jare was daar paar stellings wat my bybly as dit kom by wildvoeding.

- Tydens 'n boeredag waar 'n wildslek bekend gestel is het 'n senior boer vir die spreker gesê hulle foeter nou die “natuurlike sisteme” wat nog altyd gegeld het op.
- Een van Namibiese pionier wildboere gesê dat koedoe horings in wildskampe binne paar jaar heelwat kleiner word as die van vrylopende koedoes. Die vraag is, of dit inteling is, uitskiet van die top diere, of voeding of al drie? Wild wei selektief, heel moontlik is dit slegs as gevolg van seker plante wat verdwyn oor tyd?
- Op 'n vraag aan Prof Heinz Meissner hoekom die Kruger Wildtuin se Rooibokke heelwat kleiner is in lyf en horinglengte as die Rooibokke van die Thabazimi/Brits area het hy dit met 'n teenvraag geantwoord. “Waar sien jy Terminalia (Geelhout in Namibies) bome, Skukuza of Thabazimbi?” Sy antwoord met ander woorde die Skukuza area is fosfaat arm omdat Geelhout bome 'n aanduiding is van fosfaat arm gronde.

- 'n Wildboer uit die RSA het bokke ingevoer uit 'n area wat bekend was vir uitsonderlike lang horings. Volgens hom was daai bokke se horinglengte een generasie later gemiddeld dieselfde as sy oorspronklike kudde. Was die diere geneties meerderwaardig of was dit die verskil in die kwaliteit van die weiding?

Oor die kwessie dat “natuurlike sisteme” opgefoeter word deur lekaanvulling is professor Bothma genader. Sy antwoord was dat daar al langer as 'n eeu nie sulke sisteme bestaan nie. Byvoorbeeld wild het tussen die Botswana Delta en Etosha gemigreer in die verlede. Dis nie meer moontlik nie. So ook die migrasie van hordes wild tussen die Karoo en die Kalahari.

Dit het 'n reuse invloed op die voeding van die dier. Die Karoo kry winter reën en die Kalahari meestal somer reën. Boonop, is die Karoo weiding ryk in fosfaat in vergelyking met die Kalahari. Die Etosha het hoë waarde winterweiding in vergelyking met die van die Delta. Die wild kon dit benut. In kort, natuurlike sisteme bestaan feitlik nie meer nie. Wild moet bestuur word betreffende beheer van getalle, weiding en voeding. Nog te meer in toegekamppte wildsplase.

“Hoe kleiner die wildplaas of natuurreserveat, hoe meer intensief is die bestuur daarvan” (Wildplaasbestuur – J, du P. Bothma)

Doelwit van Aanvulling:


Soos met enige herkouer wat kommersieel geboer word (bees, skaap en bok) is die doelwit om:

- Reproduksie te verbeter
- Groei en kondisie te handhaaf en dus vleisproduksie te verhoog.

By wild is daar 'n addisionele doelwit, dit is om kwaliteit van trofee (horing- lengte en omvang) te verbeter.

Om bogenoemde doelwit te behaal moet inherente tekorte van die weiding reggestel word. Proteïen en fosfaat vlakke daal vinnig soos wat gras droog word tot so laag as 4.5% proteïen en 0.8g/kg fosfaat.

Dit het 'n wesenlike effek op hoeveel weiding die dier kan vreet en verminder droë materiaal inname (DMI) met soveel as 40%. Sodra DMI daal val die hoeveelheid energie wat die dier inkry en sal diere vinnig kondisie verloor.



Die fosfaat behoefte van wild is uiters belangrik vir alles vanaf reproduksie, groei, kondisie tot en met horing groei. Gelukkig is dit maklik om op te hef. Feitlik alle herkouters het dieselfde behoefte aan fosfaat per kilogram liggaamsmassa.


So sal kleiner wildsoorte ook minder lek vreet en pro rata minder fosfaat inkry en dies meer. Walter Roodt het in sy navorsing ook bevind dat fosfaat tekorte tot 'n groot mate inname bepaal. So 'n wildsbok behoort genoeg lek in te neem oor tyd totdat daar aan die dier se fosfaat behoefte voldoen is.

Verhoging van Vrywillige Weidingsinname Deur Proteïen Aanvulling:

Die eerste en oorhoofse doelwit van winter lekaanvulling is om die dier se inname van weiding te lig. So wys heelwat navorsing dat as die totale proteïen gelig word van byvoorbeeld 5.5% (tipiese Namibiese droë weiding) na 7% kan inname styg met 30-40%.

Dit het buiten die verhoogde inname van nutriënte ook die verdere voordeel dat meer hitte gegenereer word deur fermentasie en verhoogde deurvloei wat die dier meer in staat stel om koue stres te verminder. Sien Grafiek 1 hieronder:

Grafiek 1



Die grafiek is saamgestel uit *Louw Nolte se MSc verhandeling en later navorsing*. In die eerste proef het hy die skape verskillende vlakke van natuurlike proteïen gegee, 40g, 80g, 120 g en 160g. Die skape het slegs koringstrooi ontvang as ruvoer bron. Die inname van hooi het konstant verhoog tot by 120g.

By 160g was daar minimale voordeel. In die tweede proef het hy die skape 120g proteïen gegee waar behandeling slegs natuurlike proteïen was, dan 25%, 50%, 75% en 100% van die 120g gegee in die vorm van ureum.


Die 25% het duidelik die beste gevaar waarna hoër vlakke ureum 'n konstante daling gewys het. Dit moet ingedagte gehou word dat die proewe gedoen is met koringstrooi met slegs 3.2% proteïen, met Namibiese weiding met $\pm 5\%$ proteïen sal minder proteïen benodig word.

Verder moet daar na koste gekyk word, die mees koste effektiewe punt is waar proteïen 50% afkomstig is van ureum. Die koste van 'n kilogram ureum proteïen is ongeveer N\$4.5 teenoor die N\$ 19.40/kg vanaf oliekoek (36% proteïen).

Die eerste vraag vanaf wildboere as dit by ureum kom is of dit veilig is vir wild. Ureum vergiftiging is nogal onvoorspelbaar. So verwys Schmidt en Snyman Wildplaasbestuur 2016 dat skape al vergiftig is by 8.5g ureum inname en ander nie gevrek het by 100g ureum inname nie.

Vergiftiging op lae vlakke is gewoonlik omdat die dier uitgehonger was (leë pens – droogte) en nie aangepas (meer hieroor later) was vooraf op ureum nie. Vervolgens kan gekyk word na die verskillende vlakke van ureum:

Grafiek 2



In die grafiek word die EU regulasie vir maksimum (nie toksies) vlakke van ureum aanvulling van herkouers op van verskillende gewigsklasse aangedui in blou. Die groen gedeelte is die ureum vlakke wat aanbeveel word vir effektiewe benutting by kommersiële herkouers.

Die pers gedeelte is die vlakke wat 'n dier sal inneem by die verwagte innames van Exifeed se nuwe produk **ELITE 50**. Die rooi lyn wys dat om die maksimum of gevaarlike vlakke van ureum inname te bereik moet die diere 200% (klein diere van 50kg) tot 450% (groter diere) die verwagte inname vreet.

Energie Aanvulling:

Vele navorsing dui daarop dat daar feitlik geen finansiële of fisiologiese voordeel is om energie (mielies ens.) in die droë seisoen aan te vul voordat daar nie aan die dier se proteïen behoefte voldoen is nie. *Dr Hinner Koster se mening as voorbeeld:*

“Indien energie egter wel op weidings aangevul word is die verbetering in prestasie meestal nie so hoog as wat verwag word nie. Die belangrikste rede daarvoor is die negatiewe effek wat energie het op ruvoerinnam en verteerbaarheid.

Indien groter hoeveelhede van veral stysel-gebaseerde graan (mielies) op lae kwaliteit weidings aangevul word, word die inname en verteerbaarheid gewoonlik onderdruk.”

Schmidt en Snyman (Game Ranch Management):

“There is no evidence in the literature that herbivores will respond to either energy or phosphorous supplements in the absence of protein where protein is the limiting nutrient”

Daar word wel herhaaldelik genoem in die literatuur dat energie ureum benutting verbeter. Hier moet in gedagte gehou word dat **Elite 50** ‘n groot persentasie oliekoek bevat wat opsigself voldoende energie bevat om die nodige energie te verskaf vir mikrobies en dus ureum benutting.

Supplementering en Horinggroei:

Legio navorsing bestaan wat die drastiese verbetering van reproduksie en groei uitwys as tekorte van fosfaat en proteïen effektief aangevul word. Navorsing op horinggroei is beperk. Maar sekere inligting is beskikbaar.

Genetiese meerderwaardige diere sal altyd beter doen maar om tot hulle volle potensiaal te ontwikkel is voeding ‘n uiters belangrike komponent.

In ‘n persoonlike gesprek met Prof. Willem van Niekerk, professor in herkouer voeding met jare se ondervinding in die wildbedryf oor wat die belangrikste drywer van horinggroei is was sy antwoord onomwonde : Kondisie. So eenvoudig soos dit. Wildboere noem dit dikwels dat hulle “jaarringe” sien op horings van droogtes waar die hoering nie gegroei het nie

Horinggroei behels keratien sintese (buitenste skede, >90% proteïen) en beenkern-ontwikkeling (>90% kalsium). Navorsing oor herkouers (bv. beeste, skape, bokke) verskaf relevante insigte, aangesien spesifieke studies oor wilde diere beperk is.

Die volgende voedingstowwe is van kritieke belang, met die klem op droë winterweiding toestande in Namibië:

1. Proteïen:

Keratien, die primêre horingkomponent, benodig swaelbevattende aminosure (sisteien, metionien) vir sintese. Voldoende proteïen ondersteun keratienproduksie en algehele groei, dis van kritieke belang vir jong diere (6-36 maande) wanneer horinggroei die vinnigste is.

2. Minerale:

Kalsium en fosfor

Die horing se beenkern benodig kalsium en fosfor (Ca:P-verhouding ~2:1) vir strukturele integriteit. Tekortkominge lei tot swak groei van horings. Namibiese water en weiding het 'n totale oormaat kalsium, so hoog as 'n 6:1 Ca:P verhouding. Met **Elite 50** is gepoog om die verhouding te verlaag deur 'n fosfaat bron te gebruik met 'n Ca:P van kleiner as 0.8:1. Studies op beeste het aangetoon dat indien fosfor tekort opgehef word horing sterkte en groei verbeter.

Exifeed ELITE 50 – Die wildboer se oplossing vir droë veld lekaanvulling



COMPOSITION / SAMESTELLING			
Protein	500	g/kg	Min
Protein ex NPN	50	%	Max
Urea eqv.	95	g/kg	Max
Phosphorus	18	g/kg	Min
Calcium	14	g/kg	Max
Moisture	120	g/kg	Max
Sulphur	7	g/kg	Min
Magnesium	4 250	mg/kg	Min
Copper	9	mg/kg	Min
Zinc	60	mg/kg	Min
Manganese	82	mg/kg	Min
Cobalt	0.4	mg/kg	Min

Die Kern Eienskappe van die Produk:

- 50% Proteïen waarvan 50% afkomstig is van natuurlike proteïen.
- Kalsium<0.8:1 Fosfaat
- 25kg sakke vir maklike hantering en akkurate mengsels.
- Die produk bevat ureum, daarom moet wild eers vir 2 weke 'n fosfaat lek met sout ontvang of klipsout, of reeds op 'n ureum bevattende lek gewees het. Vir eerste 2 weke daarna meng die lek 50kg sout met 50kg ELITE 50 vir 10 dae, daarna moet dit gemeng word met 25% sout (150kg ELITE 50 + 50kg Sout). Monitor inname, as te laag verminder die sout na 20% (200kg ELITE 50 + 50kg sout).
- Hierdie produk bevat ook Bentoniet wat ureum benutting verbeter deur die ammoniak in die grootpens te absorbeer sodat stadiger beskikbaar kom vir effektiewer omskakeling na mikrobe proteïen. Bentoniet verminder ook die risiko vir ureum vergiftiging.
- Die verwagte inname behoort die proteïen en fosfaat tekorte in meeste weidings en tipes wild op te hef.
- 'n Uiters belangrike aspek van lekke vir wild is bakspasie. Nie soseer die grote van die bak nie maar die aantal. Dominante, aggressiewe boksoorte soos Elande en Gemsbokke is geneig om 'n bak op te pas vir ure. So dis beter om 4 kleiner bakke, paar meter uit mekaar, uit te sit as een groterige bak. Bakke moet ook goed versprei wees oor 'n kamp.

ELITE 50 is ook uiters geskik as 'n skaaplek en 'n speenlek by beeste.

Vir Navrae kontak:

Heinrich Hattingh 081 324 3180

heinrich@exigrade.na

Andrew Deacon 081 128 2963

deacon@iway.na

